


In Paul Krugerstraat, Pretoria. - Links: Die woning waarin Hoofregter (later Sir) John Gilbert Kotzé, die skrywer van "Memoirs and Reminiscences" gewoon het. - Regs: De Bruyn se skoenwinkel was hier in die ou dae gevestig (opgerig 1893).
In Paul Kruger Street, Pretoria. - Left: The residence of Chief Justice (later Sir) John Gilbert Kotzé, author of "Memoirs and Reminiscences". Right: Where de Bruyn's Shoe Store, established in 1893, was situated.

## VONDSTE IN DIE STAATSMODELSKOOL

Met verwysing na die gelyknamige bydrae wat op blas. 18 e.v.in die eerste uitgawe van "Pretoriana" verskyn het, berig mnr. C. Plokhooy, redakteur-eienaar van die "Hollands Weekblad" Pretoria, dat die glasplate van genoemde fotografiese opnames deur mnr. F. Oudschans Dentz aan die Bloemfonteinse oorlogsmuseum geskenk is. J.P.

## WAAR IS DIT GEDRUK?

In ons besit is 'n eksemplaar van G.A. Odé se "Hollandsche Spraakleer voor onze jonge scholieren in Zuid-Afrika" (eerste deel, 64 bls., 6x4 duim).
Odé was 'n tydlank sekretaris van die Departement van Onderwys in die S.A.R. Die "Voorbericht" is gedateer "Pretoria, Februari 1891" en op die omslag en titelblad staan - tussen aanhalingstekens - "Pretoria," en die jaartal 1891. Op watter pers is die boekie gedruk?. J.P.